Ruach Bediening Nuusbrief



Junie 2026

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand 2
2. Gebedsterapie sessies 2
3. Getuienisse 2
   a. Bye – Dra mekaar se laste?! 3
   b. Oupa en kleinseun 3
   c. Pa met sy drie seuns 4
   d. Hoe vind mens jou roeping? 5
4. So terloops 7
   a. 'n Boer van Reitz 7
   b. Gatiep 7
   c. Mighty Men – Bosveld 2026 7
   d. Bosveld vroue 8
5. Beplanning vir volgende maande 8
6. Fisiese Wetenskap Aanlyn klasse 8
7. Afsluitings 9

1. Gedagte vir die maand




Efesiërs 3:20-21

20 En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid
of dink, volgens die krag wat in ons werk, 21 aan Hom die heerlikheid
in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.

Efesiers 3 vers 20 is 'n bekende Bybelvers wat God se onbeperkte vermoë beklemtoon om deur die Heilige Gees in ons lewens te werk.
Die teks herinner ons daaraan dat God selfs groter dinge kan bewerkstellig as enigiets wat ons kan bid of dink.



2. Gebedsterapie sessies



3. Getuienisse



Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening: (Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

Getuienis 1: My skouer is genees, oom

Getuienis 2: Baie Dankie oom Sarel.. Die skrif is so bevestiging tans. Dankie vir wie oom en Tannie Gerda is en so getrou na ons Abba Vader se roepstem luister.

Getuienis 3: Na ons gebid het laas week, oor my alleen wees, het daar twee dae later iets gebeur. Ek en my virende het laas week Donderdag uitgegaan. Daar was 'n meisie gewees. Ek en sy het begin gesels en dit was baie lekker. Ons hou sommer van mekaar. Ons het die afgelope twee aande ge-video call.




Ek kan nie onthou wanneer laas het ek so lekker gesels met ‘n meisie oor die foon nie. Net ‘n vriendin op die oomblik. Ek wil net dankie se Oom, die gebed is verhoor. God het ons gehoor.

Getuienis 4: Oom Sarel, nadat Oom vir my rug gebid het, het ek nog nie weer my rug stut gedra nie. Dankie Jesus.

Sommer net ’n paar gedagtes

a. Bye – Dra mekaar se laste?!



’n Jong dame skryf: “My pa hou bye aan. Vandag was ek by sy huis en hy het my al die heuning wat hy uit die korwe ge-oes het, gewys. Hy het die deksel van die 20-liter kan afgehaal en bo-op die heuning was daar drie bye vasgevang in die taai heuning. Hulle was met heuning bedek en besig om te verdrink. Ek vra hom toe of ek hulle kan help. Hy het gesê dat hy nie glo dat hulle sou leef nie, en daar maar altyd ongevalle met die uithaal van heuning is. Ek het hom gevra of ek hulle kon uithaal en doodmaak, want hy is die een wat altyd gesê het dat ‘n mens ‘n lydende dier of insek uit sy ellende moet verlos. Uiteindelik stem hy toe in en skep die bye uit die emmer. Hy sit hulle in ‘n leë joghurt-houer buite neer.

Omdat hy vroeër die korwe met sy heuning-uithalery gesteur het, was daar nog orals bye wat rondgevlieg het. Ons het die drie klein bytjies in die plastiese houer op ‘n bankie neergesit en hulle aan hulle lot oorgelaat. My Pa het my ‘n rukkie later na buite geroep om te kom kyk wat daar aangaan. Hierdie drie klein bytjies was deur al hulle susters omring, (alle bye is wyfies) en hulle was besig om die liggame van die amper dooie bye skoon te maak. ‘n Ruk later toe ons weer daar kom, was daar nog net een bytjie in die houer. Haar susters was steeds besig om haar skoon te maak. Later was sy ook skoon genoeg om weg te vlieg en die houer was leeg.

Daardie drie klein bytjies het gelewe omdat hulle deur familie en vriende omring was. Hulle het nie opgegee op die drie bytjies om in hulle eie taaiheid te verdrink nie en hulle voorgeneem om hulle te help totdat die laaste klein bytjie vry was.”



As bye soveel vir mekaar in hulle kort leeftyd van net drie weke omgee, hoeveel te meer ek en jy. Rondom ons is mense wat voor ons oë fissies, emosioneel, finansieel, en geestelik besig is om ten gronde te gaan.

As jy vandag jou gesig wegdraai, onthou môre is jy dalk die bytjie wat in die heuning gaan verdrink.

🙏 *Vader, help ons om na ander om te sien soos ons graag sal wil hê dat hulle na ons sal omsien as ons in die nood is. In Jesus Naam, Amen.*

b. Oupa en kleinseun

Die storie word vertel van ‘n ou man wat op ‘n plaas in die berge gebly het, saam met sy jong kleinseun. Elke oggend vroeg was Oupa al op en het by die kombuis tafel gesit en uit sy ou verslete Bybel gelees.

Sy kleinseun, wat net soos sy Oupa wou wees, het hom nageboots in alles wat hy doen.
Een dag toe vra die kleinseun hom, “Oupa, ek probeer elke oggend die Bybel te lees, net soos jy, maar ek verstaan dit nie en dit wat ek verstaan, vergeet ek so vinnig, soos wat ek die Bybel weer toemaak. Watse goed doen dit om die Bybel te lees?”

Die Oupa draai stadig om terwyl hy besig was om kole in die koolstoof te sit en sê, "Neem die kole mandjie na die rivier en bring vir my 'n mandjie vol water terug." Die seun het gedoen soos sy Oupa hom gevra het, alhoewel al die water uitgeloop het deur die mandjie nog voordat hy die huis kon bereik.



Die Oupa lag en sê, "Jy sal volgende keer bietjie vinniger moet wikkel met die mandjie water," en stuur hom terug rivier toe met die mandjie om weer te probeer. Die keer hardloop die seuntjie vinniger, maar die mandjie was weer leeg voordat hy by die huis aankom. Uitasem, vertel hy sy Oupa, dat dit onmoontlik is om water in 'n mandjie te dra en hy gaan haal die emmer op die stoep om te gebruik, in plaas van die mandjie.

Die Oupa antwoord, "Ek soek nie 'n emmer water nie, ek soek 'n mandjie water. Jy kan dit doen. Jy probeer net nie hard genoeg nie," en hy stap buitentoe om die seun dop te hou terwyl hy weer probeer.

Op die stadium het die seun besef dit is hopeloos om dit reg te kry maar om aan sy Oupa te bewys, al hardloop hy so vinnig as wat hy kan, daar is nie 'n manier wat die water nie sal uitloop, voordat hy by die huis is nie.

Die seun skep die water en hardloop vir al wat hy werd is, maar toe hy by sy Oupa uitkom, is die mandjie weereens leeg. Uitasem, hyg hy, "Sien Oupa, dit is hopeloos!"
"So jy dink dit is 'n hopelose saak?" sê die Oupa, "Kyk na die mandjie." Die seun kyk na die mandjie en vir die eerste keer besef hy dat die mandjies anders lyk. In plaas van 'n ou vuil kole mandjie, was dit nou skoon.

"Seun, dis wat gebeur as jy die Bybel lees. Jy mag dalk nie miskien alles verstaan of onthou nie, maar wanneer jy dit lees, sal dit jou van binne verander." Dit is die werk van GOD in ons lewens. Om ons te verander van binne na buite en om ons stadig te omvorm na die beeld van Sy Seun.

Neem tyd om 'n stukkie van Vader se Woord elke dag te lees. Bid dat Hy dit sal gebruik om jou hart en verstand na Hom te keer.

c. Pa met sy drie seuns

Die pa het drie seuns en hy besluit dit het nou tyd geword dat hulle begin onafhanklik moet wees. Daardie aand aan tafel se hy vir hulle, seuns, ek wil kyk of julle onafhanklik kan word en op julle eie kan aangaan. Hy gee toe vir elkeen 'n stuk grond en elkeen ewe veel geld . Hy sê toe vir hulle daar is die grond en die geld, nou moet julle die grond bewerk en plant en na twee jaar sal ek sien wie die beste gedoen het.
Onthou met julle geld moet julle osse huur of koop en ook die saad en als wat julle nodig het.

So is die drie broers weg, na hulle elkeen se stuk grond. Die eerste broer loop en gaan soek vir hom osse om te gaan ploeg. Soos hy loop, gaan hy verby 'n man wat swaar sukkel en die man vra of hy hom sal help, hy sê nee, want hy het nie tyd nie. Hy moet osse en saad kry, want hy moet ploeg en plant. So gaan hy verby, 'n paar mense wat hulp vra, maar hy sê aan elkeen, nee, hy moet ploeg en plant.


So gaan die tweede broer ook en gaan na sy stuk grond en kom ook by mense wat sukkel. Die man vra hom om te help. Hy sê toe ja, maar dan moet hy hom 'n os gee, sodat hy kan ploeg en plant. So gaan hy aan en elke keer as hy iemand help, vra hy 'n os of saad. So het hy nog al sy geld en hy het als om te ploeg en te plant.

So kom ook die laaste seun oppad na sy grond. Hy gaan ook verby mense wat sukkel en die eerste man vra hom, om te help. Dadelik vat hy van sy geld en help die man. So gaan hy aan en help elkeen, tot hy amper nie genoeg geld oor het vir saad nie.

Die eerste broer vat sy gehuurde osse en saad en ploeg en plant. Hy kry na die tyd 'n goeie oes en maak dubeld wat sy pa hom gegee het.

So kom broer nr twee en hy ploeg en plant met die osse en die saad wat hy by die mense gekry het. Hy maak ook n baie goeie oes en maak ook dubeld wat sy pa hom gegee het en boonop het hy nog al sy geld .

Toe kom die laaste broer, hy het amper nie genoeg geld om die saad te koop nie. Maar toe hy moet begin ploeg en plant, is daar 'n magdom mense om hom, wat vir hom help ploeg en plant. Toe hy sy oes afhaal, kry hy vyf maal meer. So vat hy die vyfde deel en gee dit weer terug aan die mense wat hom gehelp het.



Toe hulle weer by hulle pa kom, staan die eerste daar en tel sy geld af. Dit was dubbeld en toe nr twee syne gee, was dit drie maal meer. Die laaste tel syne af en dit was ses keer meer. Hy staan self ook verbaas, want hy weet, hy het die vyfde deel weggegee en hy het nou ses maal meer.

So maak JESUS ook met ons, as ons ander in ons armoede help. Dan maak HY met ons soos HY met die twee vissies en vyf brode gedoen het. HY sê tog in SY woord beproef my. Maar ons moet nie met 'n gees gee en help om iets terug te verwag nie. Maar help en gee en vergeet van dit en kyk wat gebeur.

d. Hoe vind mens jou roeping?

Hoe vind mens jou roeping? Of soos ek dit noem: Hoe hou jy op om vir God elke tweede week te vra vir 'n PowerPoint presentation met stap-vir-stap instruksies?

Dis regtig wat ons soms verwag. Dit sou lekker en gerieflik gewees het. Iemand sê gister vir my, ek begrawe my talente. Dat ek tot meer in staat is, as waarmee ek my tans besig hou. En soos met alles anders in my lewe, het hierdie professionele overthinker toe natuurlik die volgende 17 uur daaroor gedink.

Ek stem saam. Maar ek weet ook iets anders. Daar is seisoene vir alles. Vir 'n tyd lank was my roeping eenvoudig: Wees Johan se vrou. Wees Dianique en Naudé se mamma. Bou Bloom by Natalie. Oefen. Oorleef. Drink koffie. Bid.

En probeer om nie mense met 'n winkelwaentjie raak te ry, wanneer jy moeg is nie. Ek het ook agter die skerms my memoir geskryf, waarop ek regtig trots is. My dae was reeds voller as 'n peuter se doek, na 'n Spur ontbyt. Maar die waarheid? Ek voel ook iets skuif. Ek voel die tyd het gekom. Ek weet ek kan skryf. Ek weet ek kan praat. Ek weet mense luister. Nie omdat ek slim of oulik is nie. Maar omdat God my die vermoë gegee het om ingewikkelde goed eenvoudig te maak.



Om pyn in woorde te sit. Om chaos te vertaal. Om mense te laat lag terwyl hulle eintlik besig is om te huil. En ek weet die dinge waardeur ek gegaan het..., die verkragting. die verwerping. Die trauma, die seer, die dinge wat die vyand bedoel het om my mee stil te maak... Gaan God gebruik om ander mense te help. Daaroor twyfel ek nie vir een sekonde nie.

My probleem is net: Waar begin ek NOU, terwyl ek soveel hooi op my vurk het? En toe tref dit my. Dis presies die vraag waarmee soveel mense sit. Nie almal weet wat hul roeping is nie. Nie almal weet waarvoor hulle gemaak is nie. Nie almal hoor engele sing wanneer hulle hul CV oopmaak nie. Party van ons staar net na die plafon en roep desperaat: "Here, gee my asseblief net 'n hint."

So wat sê die kenners? Die mense sê: "As jy nie teen 23 jou roeping gevind het nie, is dit seker te laat. Jy moet dan ook al getroud wees en ten minste twee kinders hê." Dankie, Susan.

Jy het ook gedink Y2K gaan die wêreld beëindig. Sit maar weer in jou hoek! Die wetenskap sê iets baie interessant. Sielkundige Angela Duckworth, skrywer van Grit, sê passie word baie keer nie ontdek nie. Dit word ontwikkel. Met ander woorde: Jy sit nie noodwendig eendag regop in die bed en skree: "Ek is geroep om tandheelkunde te doen!" nie.

Nee. Jy probeer iets. Jy groei daarin. Jy raak beter daarin. Jy geniet dit meer. En uiteindelik ontwikkel dit in iets groter. Selfs Steve Jobs het gesê: "You can't connect the dots looking forward. You can only connect them looking backward."



Baie keer maak die goed in jou verlede eers later sin.En dis presies wat ek in my eie lewe sien. Die trauma. Die pyn. Die foute. Die oorwinnings. Die skryfwerk. Die mense. Die seisoene. Dit lyk soos los legkaartstukke. Totdat God dit begin saamvoeg. Die Bybel sê nie: "Vind jou roeping en dan sal Ek saam met jou loop" nie. Die Bybel wys eerder: Loop saam met God. En Hy wys vir jou die roeping.

Moses het nie een oggend wakker geword en gesê: "Ek dink ek gaan vandag 'n nasie bevry" nie. Dawid het nie die skape opgepas en gedink: "Ek voel vandag nogal koning-agtig" nie. Esther het nie geweet die paleis is voorbereiding vir 'n volk nie. Josef het nie geweet die tronk is deel van die pad na die troon nie.

Hulle het eenvoudig die volgende gehoorsame stap gegee. Psalm 119:105 sê: "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." Nie 'n stadion se floodlights nie. 'n Lamp. Net genoeg lig vir die volgende tree.

En dalk is dit die probleem. Ons wil die hele Google Maps-roete sien. God gee gewoonlik net die volgende tree. Ek dink baie mense wag vir hul roeping soos mense wag vir 'n Lotto-trekking.

Skielik. Dramaties. Met vuurwerke. Terwyl roeping baie keer eintlik so lyk: Daai ding wat jy doen wanneer niemand kyk nie. Daai ding wat mense konstant vir jou vra om hulle mee te help. Daai ding wat jou laat tyd vergeet. Daai ding wat ander mense help. Daai ding wat God aanhou gebruik. Daai ding waarin jy régtig goed is. Daai dink wat jou laat voel jy LEEF wanneer jy dit doen.

Frederick Buechner het geskryf: "Your vocation is where your greatest joy meets the world's greatest need." Jou roeping is baie keer waar jou grootste vreugde en iemand anders se grootste behoefte ontmoet.

Vir my? Ek dink ek weet. Ek dink ek het dit lankal geweet. Ek het net gewag vir toestemming. Van

mense. Van omstandighede. Van tyd. Van myself. Maar dalk het die tyd gekom. En dalk moet ek net begin. Ek het beslis nie al die antwoorde nie. Maar ek ken die Een wat dit het.
En dalk moet jy ook.

Want as jy nog wonder wat jou roeping is, wil ek jou iets vertel: Jy hoef nie alles te weet nie. Jy hoef nie die hele plan te sien nie. Jy hoef nie die eindbestemming te verstaan nie. Vat net die volgende tree. Die Here stuur nie gewoonlik 'n helikopter om jou roeping in die lug uit te spel nie. Hy stuur meestal die volgende geleentheid. Die volgende gesprek. Die volgende oop deur. Die volgende mens wat jou nodig het. En voor jy jou oë uitvee, kyk jy terug en besef: Dit was nog die hele tyd daar.

God het jou nie per ongeluk gemaak nie. Hy mors nie talent nie. Hy mors nie trauma nie. Hy mors nie seisoene nie. En Hy mors beslis nie stories nie. Selfs die hoofstukke wat amper jou einde was...word soms die begin van iemand anders se genesing.

Verwysing: FACEBOOK – Tussen Koffie en Genade – Natalie Le Roux

4. So terloops ....

a. 'n Boer van Reitz	b. Gatiep





c. Mighty Men – Bosveld 2026

🔥 Mighty Men Bosveld 2026 🔥
Broers, die Here roep ons! 🗓 30 Okt – 1 Nov 2026
📍 Plaas Uitkomst, Springbokvlakte,
Limpopo GRATIS TOEGANG EN KAMPERING
Bring seuns, vriende & pa's – tent, Bybel & hart vir Jesus. Aanbidding, boodskappe, kampvuur & egte manne-tyd. Vroue welkom Sondag.
Tag jou buddies: "Ek's in!" 💪🔥

A1053707Registrasie op Quicket.
#MightyMenBosveld2026 #MMC2026



d. Bosveld vroue



5. Beplanning vir volgende maande

MIDDELBURG		NYLSTROOM	
Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**		Om afspraak te reël in Nylstroom, kontak vir **Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**	
2026		**2026**	
12 & 13	Junie	26	Junie
31	Julie	Geen besoek	Julie
Geen besoek	Augustus	14	Augustus
4 & 5	September	11	September
2 & 3	Oktober	29 & 30	Oktober
6 & 7	November	Geen Besoek	November
Geen Besoek	Desember	Geen Besoek	Desember

6. Fisiese Wetenskap Aanlyn klasse



7. Afsluitings

LEER BY ELIA

21 Elia het nadergegaan na die hele volk en gesê: "Hoe lank gaan julle nog op twee krukke bly hink? As die HERE God is, volg Hom; as dit Baäl is, volg hom." Maar die volk het hom nie met 'n enkele woord geantwoord nie. 1 Kon. 18:21 (2020-vertaling)

Elia het die priesters van Baäl uitgedaag, Baäl self uitgedaag en die Israeliete uitgedaag. Almal moes finaal sien wie die ware God is, en wie die stomme afgod. Hy daag die volk uit om te kies: God of Baäl. Hierdie vertaling gebruik die letterlike betekenis van die woord, naamlik 'n "verdeelde tak", 'n kruk, hoewel die meeste dit sien as 'n beeld vir verdeelde gedagtes. Die Israeliete was immers verdeeld tussen God en Baäl. Vrees vir God het hulle verhoed om Baäl te dien, maar vrees vir mense het hulle verhoed om die Here te dien. Nou was hulle verlam, uitgeskakel. Elia daag hulle uit om te kies, radikaal en finaal. Ons word natuurlik ook deur Elia uitgedaag. Ons hink ook dikwels op twee gedagtes. **Ons wil die Here dien, maar vind dan dat dit in die wêreld nie populêr is nie. So staan ons verlam, sonder oorgawe na enige kant toe – "lou", in Jesus se woorde.**

Ek moet radikaal en finaal kies: Wie dien ek?

Hemelse Vader, ek kies vir U, maar help my om radikaal vir U te kies. As ek my tussen diegene bevind wat U nie dien nie, wil ek nie begin hink nie, maar vasstaan. Ek rig my lewe nie in volgens mense se verwagtings nie, maar volgens U verwagting. Amen.

Baie seëninge vir julle almal – Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God

